27. KERKGROEI
27. CHURCH GROWTH

27.1 RAPPORT 1 – DEPUTATE KERKGROEIBEDIENING – FEESDAG

27.1 REPORT 1 – DEPUTIES CHURCH GROWTH MINISTRIES – FEAST DAY

1. Opdrag Vier opdragte word in hierdie Rapport saam hanteer vanweë hulle onderlinge verband (Acta 2015:500, 3.4.6.1-3.4.6.4). "3.4.6.1 In die lig van God se genade 'n spesiale feesdag in die GKSA gereël word waarin ons as kerke God loof en ons langs die weg van verootmoediging opnuut verbind om ons as lewende en heilige offers aan God toe te wy (Rom 12:1). Op hierdie dag word ernstig gebid dat die Heilige Gees ons in die volle waarheid sal lei om God weer voor die oë van nie-Christene en Christene deur ons kerke se bediening van die evangelie te verheerlik in Suid-Afrika se stede, dorpe en townships. Alle ander kerke in die land word opgeroep om mee te doen. Saam met hierdie feesdag word 'n Bybelstudie beskikbaar gestel wat in die loop van vyf dae (een dag vir vyf weke) gedoen kan word. 'n Preekreeks gaan hiermee saam. Die Bybelstudie asook die preekreeks volg die breedweg die indeling van die Heidelbergse Kategismus en Die Dordtse Leerreëls, hf 5, parr 5–7 kan ook gebruik word. 3.4.6.2 Hierdie feesdag opgevolg word met streeksaamtrekke van predikante om saam te besin oor hoe leiding gegee word aan gemeentes oor die omkeer-strategie. Klassisse word aangemoedig om leiding in die verband te neem. 3.4.6.3 Hierdie besinningsgeleentheid deur predikante opgevolg word met streeksbyeenkomste waar kerke saam kan besin oor die hantering van die omkeerstrategie deur gemeentes in die spesifieke streek. 3.4.6.4 Te benoeme Deputate kan saam met Korresponderende Kerkrade van Klassisse die organisering en inhoud van hierdie byeenkomste hanteer".	**1. Mandate** Four mandates are reported on together due to the fact that they are related (Acta 2015:500, 3.4.6.1-3.4.6.4). "3.4.6.1 In light of God's grace, a special feast should be organised within the GKSA where all the churches praise God and, through humility, commit themselves anew to God as living and holy offers (Rom 12:1). Serious prayer is to be done on this day for guidance by the Holy Spirit in the full truth to glorify God in the eyes of non-Christians and Christians again, through the church's' ministry of the Gospel in South African cities, towns and townships. All other churches in the country should be called up to take part. A Bible study, divided into five days (one day over five weeks), can be made available, in conjunction with a sermon series, which both broadly follow the sub-divisions of the Heidelberg Catechism and in which Chapter 5 (paragraphs 5-7) of the Canons of Dort can also be incorporated. 3.4.6.2 This feast should be followed by regional gatherings of ministers to collectively consider how congregations may be guided through the turnaround strategy. Classes are to be encouraged to lead this endeavor. 3.4.6.3 This deliberation by ministers should then be followed by regional gatherings of churches that they may consider how the turnaround strategy could be implemented in that particular region. 3.4.6.4 The to be appointed Deputies could, together with corresponding Church Councils of Classes, organise and determine the content for these gath-erings".

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod take note of**
2.1 *Feesdag en opvolg* Koördinering het plaasgevind sodat die Feesdag in streke kan gebeur rondom die Hervormingsdag viering van Oktober 2015. Kerke is in 'n skrywe van Julie 2015 versoek om aan te dui of hulle as gasheer vir 'n bepaalde streek kon optree en riglyne is voorsien van hoe hulle die dag kon inklee. Leiding van hoe om die omkeer-strategie in gemeentes te hanteer is ook aan die kerke voorsien by wyse van 'n Fokustyd Gids wat gemeentes oor 'n 6 week periode kon deurwerk in aanloop tot die feesdag. Alle hulpmiddels is beskikbaar gestel by www.kerkgroei.co.za 'n Inligtingsboekie om kerke en lidmate te help om die geskiedenis en van die Omkeerstrategie en Kerkgroeideputate te verstaan is ook saamgestel en op die webblad gepubliseer. Die webblad is aan die kerke bekend-gestel. Reaksie van die kerke was ongelukkig baie swak. Verskeie redes kon bepaal word. Dit het by sommige nie in hulle jaarbeplanning gepas nie. Ander kerke het reeds eie vitaliserings programme wat hulle gevolg het. Sommige het 'nie hiervan gehoor nie'. Ander stem moontlik nie met die inisiatief saam nie. Ander het kennis gegee dat hulle later op 'n bepaalde wyse van die materiaal gebruik sou maak. Kerke wat wel deelgeneem het was positief en goeie terugvoer is ontvang oor die Fokustyd Gids. Daar is verder met die GTV bestuur saamgewerk om die 2015 konferensie in te rig om leiding aan kerke te gee tov die implimentering van die Omkeer-strategie. Klassisse is aangemoedig om leiding te neem met opvolg geleenthede. Verskeie Klassisse het eie Kerkgroei of Omkeerdeputate aangewys met eie opdragte en werkswyses.	2.1 *Feast day and follow up* Coordination took place in order for the Feast Day to take place in regions around the October 2015 Reformation Day celebration. Churches were requested in July 2015 to indicate whether they could act as host to a particular region and provided with guidelines for how they could conduct the feast day. Guidance how to introduce the turnaround strategy in congregations was also provided to churches by means of a Focus Time booklet that could be followed by congregations over a 6 week period in the run-up to the feast day. All resources were made available at www.churchgrowth.co.za An information book to help churches and members to understand the history of the Turnaround Strategy and Church Growth deputies has also been compiled and published on the website. The website has been introduced to the churches. Reaction of the churches was unfortu-nately very poor. Several reasons could be determined. The planning did work with current plans in place at certain churches. Other churches already followed their own vitalization programs. Some had "not heard of it". Others may not agree with the initiative. Others informed that they may later use the material in a certain way. Churches that participated were positive good feedback was received on the Focus Time booklet. In addition, the GTV steering committee set up the 2015 conference to guide churches in implementing the Turn-around Strategy. Classes were encouraged to take the lead with follow-up opportunities. Several Classes have designated Church Growth or Turnaround Deputies with their own mandates and methods.
3. Sake waaroor die Sinode besluit Daar is geen aanbevelings nie.	**3. Matters that the Synod decide on** There are no recommendations.
Rapporteur:	*Reporter*: